# KERK by 'n KRUISPAD Week 2

## Inleiding

Wat is **die laaste boek wat jy gelees het** en vertel kortliks wat gebeur het. (*Ek weet ons lees nie meer so ywerig soos toe ons jonger was nie... maar delf maar diep en dink hard...)*

Gewoonlik word die klimaks of **hoogtepunt gehou vir die laaste hoofstuk**. Ons hou nie sommer op lees tot op die einde nie... Openbaring is ook veronderstel om so die laaste hoofstuk van die Bybel te wees. Maar ons lees dit min en moeilik. Ongelukkig mis ons die hoogtepunt van die Bybel as ons nie hierdie boek lees nie.

**Hoe lees jy Bybel?** Deel met mekaar die Bybelstudie-metodes wat julle elkeen volg.

Kyk na die volgende clip https://www.facebook.com/mieliejonker/posts/10154808604046147

> Hoe dink julle voel iemand wat vir die eerste keer kleur sien?
>
> Watter les is daarin vir ons oor hoe vervelig ons besig wees met die Bybel soms is?
>
> Wat kan jou help om die Bybel nuut/kleurvol te lees?

## Skriflesing: Openbaring 1:1-11

Ons het verlede week ook hoofstuk 1 gelees. Lees dit nou weer en **gee genoeg tyd vir elkeen om te sê wat hulle getref het**, wat hulle raakgelees het wat vir hulle vreemd of opwindend is. Dalk het hulle iets hierdie keer raakgelees wat hulle nie verlede week raakgelees het nie.

> (*Dit is belangrik om nie te probeer om te gou antwoorde en verklarings te probeer gee nie, om toe te laat dat die Bybel maar met mense werk en dat ons soms mag sê dat ons dalk nie nou al 'n antwoord en verklaring het nie, maar kom ons gee tyd vir die reeks om van die sake waarmee ons worstel aan te spreek en dalk iewers vorentoe vir ons antwoorde te gee....*)

**Vir Johannes is dit belangrik dat ons moet verstaan dat God hierdie openbaring vir hom (en ons) gegee het. Lees v 1-3, 10-11.**

> Kan jy dink aan ander geleenthede of plekke in die Bybel wat God en Jesus **deur hulle woorde** iets groots gedoen het?

Watter effek het ander se woorde of goed wat mense vir jou sê (goed en sleg) op jou?

Een manier waarop God met sy woorde ons positief wil opbou en geestelik versterk, is deur beloftes wat Hy vir ons gee. **Watter beloftes gee God** in hierdie gedeelte en wat dink julle beteken elkeen van hierdie beloftes, eers vir die eerste Christene wat dit gelees het (*Onthou: **Die eerste gemeentes en Christene vir wie hierdie boek in die eerste plek geskryf is,** het baie swaar gekry. Hulle is verdruk, vervolg, uitgeskuif en selfs doodgemaak vir hulle geloof...*) en ook vir jou vandag?

| | **Belofte** | **Betekenis vir eerste Christene** | **Betekenis vir ons vandag** |
|---|---|---|---|
| **v 3** | | | |
| **v 4** | | | |
| **v 5** | | | |
| **v 6** | | | |
| **v 7** | | | |
| **v 8** | | | |

**Die Bybel is nog 'n manier waarop God na ons toe uitreik.** Dit vertel van God se karakter. Soos iemand een maal gesê het: Die Bybel vertel die verhaal van God wat naarstigtelik probeer om sy gesin terug te kry.. elke keer as ons die Bybel lee, moet ons onthou dat God daarmee uitreik na ons toe, wil inmeng in ons lewens, ons wil vorm en nuut maak, groot drome het vir ons.

**Waarvoor het jy God nodig** en op watter tereine in jou lewe het jy **sy "inmeng"** nodig?

## Voorbidding

**Bid vir 3 sake**

1. **Loof God vir sy Woord.** Gee vir elkeen kans om die Here dankie te sê vir een saak wat jou vanaand getref het.
2. **Vra vir die Here 'n honger vir sy Woord in jou hart.** (Dalk kan dit in stilgebed wees... gee tyd daarvoor)
3. Bid vir Corne en Angela